

UITGAWE OP GESAG
BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Woensdag 19 Julie 1978 WINDHOEK Wednesday 19 July 1978 No. 3793

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika

J. F. GREEBE
Acting Secretary for South West Africa

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 173]

[19 Julie 1978

No. 173]

[19 July 1978

ORDONNANSIE, 1978: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCE, 1978: PROMULGATION OF

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 11 van 1978 Tweede Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1978

No. 11 of 1978 Second Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1978

**No. 11 van 1978 TWEDE WYSIGINGSORDONNANSIE OP HUIS-
VESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, 1978**

(Goedgekeur 26 Junie 1978)

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onder-
teken)*

(Datum van inwerkingtreding 1 Januarie 1975)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Huisvestings-
inrigtings en Toerisme 1973, betreffende wanbetaling van
leningspaaieimente.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-
Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 40
van Ordonnansie 20
van 1973.

1. Artikel 40 van die Ordonnansie op Huisvestings-
inrigtings en Toerisme 1973 word hierby gewysig —

(a) deur al die woorde wat paragraaf (i) voorafgaan
deur die volgende woorde te vervang:

“In geval van versuim om die paaieimente
bedoel in artikel 34(2)(c) ten volle en stiptelik te
betaal of wanneer gevind word dat ’n inrigting ten
opsigte waarvan ’n lening toegestaan is, na die men-
ing van die Uitvoerende Komitee wanbestuur word,
kan die Uitvoerende Komitee —”; en

(b) deur die volgende paragrawe by te voeg:

“(v) betaling van die agterstallige paaieimente, of
enige gedeelte daarvan, uitstel op die
voorwaardes en vir die tydperk wat die
Uitvoerende Komitee bepaal;

(vi) die agterstallige paaieimente, of enige gedeelte
daarvan, kapitaliseer op die voorwaardes
(insluitende herbepaling van die paaieimente
waarteen die betrokke lening of lenings en
rente daarop aan die Administrasie terugbetaal
moet word) wat die Uitvoerende Komitee
bepaal: Met dien verstande dat die totale
bedrag wat, nadat die agterstallige paaieimente
of ’n gedeelte daarvan aldus gekapitaliseer is,
verskuldig sal wees met betrekking tot lenings
wat ten opsigte van die betrokke inrigting
toegestaan is, nie 65 persent van die totale
waardasie van die betrokke inrigting (met in-
begrip van die grond, gebou, meublement en
toerusting wat daarvoor en daarin gebruik
word) mag oorskry nie.”.

Kort titel en inwerking-
treding.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Tweede Wysigings-
ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1978,
en word geag op 1 Januarie 1975 in werking te getree het.

SECOND ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS
AND TOURISM AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 11 of 1978

*(Assented to 26 June 1978)**(Afrikaans text signed by the Administrator-General)**(Date of commencement 1 January 1975)***ORDINANCE**

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973, in regard to non-payment of loan instalments.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section 40 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973, is hereby amended —

Amendment of section 40 of Ordinance 20 of 1973.

(a) by the substitution for all the words preceding paragraph (i) of the following words:

“In case of a failure to pay the instalments referred to in section 34(2)(c) fully and punctually or when it is found that an establishment in respect of which a loan had been granted is, in the opinion of the Executive Committee, being wrongly managed the Executive Committee may —”; and

(b) by the addition of the following paragraphs:

“(v) postpone payment of the arrear instalments, or any portion thereof, on such conditions and for such period as the Executive Committee may determine;

(vi) capitalise the arrear instalments, or any portion thereof, on such conditions (including redetermination of the instalments at which the loan or loans concerned and interest thereon shall be repaid to the Administration) as the Executive Committee may determine: Provided that the total amount which will, after the arrear instalments or any portion thereof has been so capitalised, be due with regard to loans granted in respect of the establishment concerned shall not exceed 65 per cent of the total valuation of the establishment concerned (including the land, building, furniture and equipment used therefor and therein).”.

2. This Ordinance shall be called the Second Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1978, and shall be deemed to have come into operation on 1 January 1975.

Short title and commencement.